

J.C. Kannemeyer: *Uit puur verstrooiing* – Lesings, praatjies, artikels, onderhoude en besprekings (2007)

**Inset-Uitgewers
Stellenbosch**

John Kannemeyer is ongetwyfeld Afrikaans se mees onverskrokke publiseerder. Sy soveelste publikasie na talle publikasies oor 'n verskeidenheid belangwekkende onderwerpe is *Uit puur verstrooiing*, 'n titel ontleen aan C. Louis Leipoldt. Dis 'n bundel saamgestel uit sy belangrikste opstelle oor die afgelope tien jaar en dek 'n verskeidenheid temas. Opnuut beklemtoon hierdie publikasie Lucas Malan se stelling dat Kannemeyer "... tans nagenoeg die mees prominente en produktiefste figuur" (agterblad) is wat sorg vir 'n "volgehoue belangstelling in Afrikaans" en mag ek byvoeg, wat hierdie publikasie betref, ook in Nederlands.

Laat ek onmiddellik sê dat die titel van die boek 'n besonder ironiese inhoud kry wanneer 'n mens kennis neem van die inhoud van veral sekere van die opstelle wat getuig van gedeë navorsing wat allesbehalwe in 'n oomblik van verstrooiing onderneem kon gewees het. Die inhoud bestaan uit lesings, praatjies, artikels, onderhoude en besprekings.

In terme van wetenskaplike arbeid en navorsing in die algemeen vorm afdeling een seker die belangrikste onderdeel van die boek. "Die waagstuk van Afrikaans" (pp. 12-28), die teks van 'n referaat wat by die Klein Karoo Kunstefees in 1999 gelewer is, is seker een van die prikkelendste afdelings in die boek, steeds aktueel vir 2008. Veral Leipoldt se beskouings oor Afrikaans wat Kannemeyer opgediep het, spreek vir vandag: Tensy Afrikaans Engels kan ewenaar wat betref sy "cultural appeal", sal Afrikaans se prestige afneem. "... it (Afrikaans) must display the adaptability, virility and wide reach that English undoubtedly possesses." (p. 20) Meer as ooit tevore staan Afrikaans vandag voor daardie uitdaging te midde van soveel politieke woelinge en taalonmin.

Dis dus meer as tydige om van die teks van Kannemeyer se lesing kennis te neem. Dis verder gepas dat Kannemeyer se skouerskuureskapade met ander literatore oor Afrikaanse literêre geskiedskrywing opgeneem is. Dit is deel van die teks van die P.J. Nienaber-gedenklesing wat in 2004 by die Woordfees op Stellenbosch gehou is. Dat Kannemeyer as karteerder van die literatuur in Afrikaans 'n belangrike rol gespeel het en nog speel, blyk hier maar al te duidelik. Die drielui van die bovermelde gedenklesing, saam met die gesprek met Wium van Zyl en die artikel oor biografiese geskiedskrywing bevat belangrike en bruikbare insigte. In sy snedige artikel onder die opskrif *'n Literêre Lappieskombers* (pp. 265-273) wys Kannemeyer daarop hoe skoenmakers hulle by hulle lees moet hou as hulle niks van 'n saak weet nie. As ek Christopher Heywood was, sou ek my nie meer – na so 'n ernstige kritiek – aan literêre geskiedskrywing waag nie: Soveel onakkuraathede en flaters doen 'n skrywer en sy publikasie 'n oneer aan.

Eie aan Kannemeyer sal hy tog hier en daar 'n paar klappe uitdeel. So skryf hy oor die Italiaanse vertalings van Afrikaanse gedigte deur Giacomo Prampolini en wys daarop hoe vir "... letterkundiges en liggame soos die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns ..." (p. 400) Prampolini se vertalings maar netsowel nie kon verskyn het nie. Dis natuurlik 'n onbillike klap na die Akademie as liggaam, want dis maar sy lede wat die aanbevelings moet deurgee. Miskien het die SA Akademie darem oor die afgelope tyd beterskap getoon met die benoeming van enkele buitelandse persone wat hulle besonder beywer vir Afrikaans. Ek dink hier aan Bob Kirsner van die Universiteit van Los Angeles en Jerzy Koch van Wroclow, Pole.

Uit puur verstrooiing bevat 'n skat aan inligting, 'n goeie dosis akademiese stof, maar ook tekste met interessante anekdotiese gegewens. Dis nie aardskuddend nie, maar wie was op hoogte

van Peter Blum se adresseergewoontes? Hy moes die posmeester soms verwar het met 'n adressering soos die volgende:

Posmeester, haas jou been
 Na Richmondwoonstel nommer 1
 Na Dirk Opperman, Drieankerbaai,
 Waar sy vroutjie worsies braai.

Die boek word afgesluit met 'n ewe belangrike dokumentasie van die uitspraak van Regter J. Desai oor beweerde skending van regte in Kannemeyer se publikasie van die Louw-briewe *Ek ken jou goed genoeg*, die dokumentasie van die briefwisseling tussen N.P. van Wyk Louw en W.E.G. Louw. Dis goed dat so 'n stukkie literêre geskiedenis – want dit is dit tog in werklikheid – aangeteken word en saam met 'n gepaardgaande brief van Kannemeyer aan Peter Louw vir die nageslag toeganklik bly.

JvdE

